Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR CERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# VERBRUIKERSTUDIES
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: KORTVRAE

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | C ✓ | (1) |
| 1.1.2 | A ✓ | (1) |
| 1.1.3 | B ✓ | (1) |
| 1.1.4 | D ✓ | (1) |
| 1.1.5 | B ✓ | (1) |
| 1.1.6 | C ✓ | (1) |
| 1.1.7 | A ✓ | (1) |
| 1.1.8 | B ✓ | (1) |
| 1.1.9 | D ✓ | (1) |
| 1.1.10 | D ✓ | (1) |
| 1.1.11 | A ✓ | (1) |
| 1.1.12 | D ✓ | (1) |
| 1.1.13 | B ✓ | (1) |
| 1.1.14 | C ✓ | (1) |
| 1.1.15 | C ✓ | (1) |
| 1.1.16 | D ✓ | (1) |
| 1.1.17 | B ✓ | (1) |
| 1.1.18 | A ✓ | (1) |
| 1.1.19 | C ✓ | (1) |
| 1.1.20 | A ✓ | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | F ✓ | |
| | 1.2.2 | D ✓ | |
| | 1.2.3 | G ✓ | |
| | 1.2.4 | E ✓ | (4) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | C 4 ✓✓ | (2) |
| | 1.3.2 | A 2 ✓✓ | (2) |
| | 1.3.3 | D 1 ✓✓ | (2) |
| | 1.3.4 | B 3 ✓✓ | (2) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | Swartlys ✓ | | |
| | 1.4.2 | Mikro-lening ✓ | | |
| | 1.4.3 | Roekelose lening ✓ | | |
| | 1.4.4 | Piramiedaskema ✓ | (4 x 1) | (4) |

1.5 B C E G ✓✓✓✓ (4)

**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Die naam van die organisasie wat ’n rekord van individue se krediet inligting hou.**

- Kredietburo ✓ (1)

2.2 **Die hoofverskil tussen ’n kontanttransaksie en ’n kredietransaksie.**

<u>Kontant</u>transaksies sluit ’n direkte ruil van geld vir goedere in. ✓
<u>Krediet</u>transaksies is wanneer goedere en dienste ontvang maar betaling geskied later. / Koop nou, betaal later/ Gewoonlik is rente betrokke/ dienskoste ✓
**LET WEL**: Aanvaar krediet vir ’n punt. (2)

2.3 **Lys DRIE verbruikersregte aangaande kredietransaksies.**

- Die reg om vir krediet aansoek te doen. ✓
- Die reg om nie teen gediskrimineer word wanneer daar vir krediet aansoek gedoen word nie. ✓
- Die reg om redes te gegee word as die aansoek afgekeur is. ✓
- Die reg om die dokumente in ’n offisiële taal, wat die verbruiker verstaan, te gegee word. ✓
- Die reg om die dokumente in verstaanbare/eenvoudige taal te kry. ✓
- Die reg het om dokumente te ontvang soos wat die verbruiker dit verkies ✓
- Die reg tot vertroulike behandeling. ✓
- Die reg tot toegang en bevraagtekening van inligting wat deur die krediet-buro gehou word ✓
- Die reg om state te ontvang ✓ (Enige 3 x 1) (3)

2.4 **Lys VIER maniere hoe om bankkoste te verlaag.**

- Gebruik ’n tjekkaart of debietkaart want dit is goedkoper. ✓
- Gebruik OTM, EFT, selfoon, aanlyn (internet) manier om te bank want dit is goedkoper. ✓
- Gebruik EOT so ver as moontlik as jy aankope doen om kontant-onttrekkings te doen want dit is goedkoper. ✓
- Gebruik jou eie bank se OTM om addisionele koste/fooie te vermy ✓
- Doen minder onttrekkings van groot bydrae as gereelde onttrekkings van kleiner bedrae. ✓
- Probeer om baie klein onttrekkings te vermy, want jy betaal ’n fooi vir elke onttrekking. ✓
- Hou transaksies tot minimum want jy betaal per transaksie. ✓
- Maak seker dat daar genoeg geld in jou rekening is om rente te vermy as daar nie voldoende fondse is nie. ✓
- Doen internet bank want baie banke vra geen betaling vir aanlyntransaksies nie. ✓
- Vra jou bank vir die goedkoopste transaksie koste. ✓
- Bestudeer jou bankstate om bewus te wees van die bankkoste. ✓
- Kombineer jou rekeninge in een rekening. ✓
- Gebruik jou SMS, e-pos-notifikasie om jou rekening te monitor eerder as om OTM te gebruik ✓

(Enige 4 x 1) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.5 2.5.1 **Haal ’n sin aan wat redes gee waarom die huishoudelike uitgawes ’n verhoging toon.**
Dit toon dat huishoudings stadig besig is om weer op die been te kom na die finansiële verknorsing van die pandemie. ✓

**OF**

Die verhoging was grootliks gedryf deur ’n verskeidenheid van klein goedere en dienste (9,8%) klere en skoene (22,2%) en meubels (8,9%) ✓ (1)

2.5.2 **Noem die kategorie in huishoudelike uitgawes wat die grootste groei toon.**
Klere en skoene ✓ (1)

2.5.3 **Gee die volle naam vir die afkorting Stats SA.**
Statistieke Suid-Afrika ✓✓ (2)

2.5.4 **Beskryf die term uitgawes patrone.**
Dit is die tipiese maniere hoe verbruikers geld ✓ op goedere en dienste spandeer. ✓

**OF**

Wat huishoudings hulle geld spandeer ✓ op, beïnvloed deur jou inkomste. ✓

**OF**

Patrone van spandering word gekyk tussen om die verskil in spandering tussen die ✓ inkomstegroepe te assesseer. ✓ (2)

2.5.5 **Verduidelik waarom die uitgawegroep, restaurante en hotelle, gedaal het.**
Restaurante en hotelle was toe gedurende die grendeltyd. Mense het in die gewoonte gekom om ander bronne van wegneemetes/maaltye en vermaak te bekom. ✓ Met die styging van die 2de golf van Covid-19 het restaurante beperkte tye gehad om besigheid te bedryf as gevolg van die grendeltydperk. ✓ Mense wou nie sosiale byeenkomste bywoon nie in vrees om die Corona-virus infeksie op te doen. ✓ Sekere restaurante en hotelle het toegemaak as gevolg van afname in inkomste gedurende die grendeltydperk so daar was ’n beperkte keuse om te gaan uiteet. ✓ Toe alkohol nie toegelaat was om in restaurant bedien te word nie, het mense by die huis onthaal. ✓

(Enige 4 logiese antwoorde) (4)

2.6 2.6.1 **Verduidelik waarom daar ’n groot verskil is in die persentasie van die huishoudelike inkomste spandeer op voedsel wanneer daar ’n vergelyking tussen die twee inkomste groepe getref word.**
Voedsel is ’n basiese behoefte vir oorlewing, daarom is dit ’n prioriteit in die lae inkomstegroep / hoër inkomste groepe het genoeg geld om te spandeer op ander behoeftes en begeertes. ✓ Die lae-inkomstegroepe het baie minder inkomste daarom reflekteer die persentasie op voedsel ’n groter porsie in die grafiek. ✓ (byvoorbeeld as ’n huishouding se inkomste R4 000,00 per maand is en die voedsel is R1 500,00 per maand, reflekteer dit 37,5% op die voedselbegroting). ✓ Die hoër inkomstegroep spandeer baie meer op voedsel (byvoorbeeld R10 000,00 en hulle verdien meer as R60 000,00) per maand om te spandeer op ander uitgawes; voedsel is ’n klein gedeelte van die grafiek ✓

(Enige 3 x 1) (3)

2.6.2 **Analiseer waarom die persentasie van die salaris op behuising in die hoër inkomste groep groter is as in die laer inkomste groep.**
Die hoër inkomste groepe kan beter behuising bekostig in beter areas daarom kos dit meer / Jy benodig minder geld as jy in ꞌn goedkoop area woon. ✓ Hoër inkomstegroepe het die vermoë om groter ✓ lenings/ toegang tot krediet te bekom, daarom ✓ het hulle maandelikse terugbetalings op huislenings. Wanneer die rentekoers verhoog, sal die koste van krediet verhoog. ✓
As hulle verkies om te huur, sal die huur uitgawes groter wees in vergelyking met die lae-inkomste groep wat sal minder betaal vir ꞌn klein plek ✓ in ꞌn minder gegoede area. ✓ Die waarde van die huis is hoër daarom is die belasting hoër ✓ dit dra by tot die begroting van behuising. Hulle sal ook meer betaal op huishoudelike versekering. ✓
Groter eiendomme vereis meer onderhoud wat die kostes verhoog.
Behuisingskoste sluit water en elektrisiteit in wat aanhoudend verhoog/ groter huishoudings gebruik meer elektrisiteit. ✓
Die laer inkomste groepe mag miskien nie in areas woon waar daar elektrisiteit is nie, maar gebruik goedkoop brandstof vir energie, byvoorbeeld paraffien. ✓

(Enige 6 sake opgehaal) (6)

2.7 2.7.1 **Identifiseer die uitgawe in die begroting wat opsy gesit moet word om ꞌn langtermyn doel te bereik.**

- Spaar ✓ (1)

2.7.2 **Identifiseer die bron van inkomste in hierdie begroting.**
Beursfonds ✓
Deeltydse werk. ✓ (2)

2.7.3 **Bereken die totale uitgawes op die vaste uitgawes.**
R4 875,00 ✓
(R3 500,00 + R425,00 + R950,00) ✓ (2)

2.7.4 **Bespreek hoe sy finansiële hulpbronne die uitgawes in sy begroting beïnvloed het.**
Hy het ꞌn beurs ontvang wat al sy uitgawes dek, byvoorbeeld ✓ ꞌn kamer waarvoor hy huur betaal, koop van kos, betaal vir sy vervoer, drukwerk, en hy het nog genoeg oor om klere te koop. ✓ Sy deeltydse werk dra by tot ekstras ✓ soos onthaal en die kontrak van sy selfoon. ✓ Beide inkomste beteken dat hy geld kan wegsit om te spaar. ✓

**LET WEL:** Die antwoord moet die invloed van beide die beurs en die deeltydse werk dek.

(Maks. 6) (6)
**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Gee die name van die strukturele eenhede waaruit proteïene bestaan.**
- Aminosure ✓ (1)

3.2 **Gee TWEE tipes koolhidrate wat die liggaam met energie verskaf.**
- Suiker ✓
- Stysel ✓ (2)

3.3 **Lys TWEE gesondheidsprobleme wat die oorsaak is, wanneer te veel vette geëet word.**
Vetsug ✓
Hartsiektes ✓
Hoë bloed cholesterol ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.4 **Voltooi die tabel: Vitamiene**
(a) C of lemoen/naartjie/suurlemoen ens.
(b) water oplosbaar
(c) B of wortel
(d) vetoplosbaar (4)

3.5 3.5.1 **Identifiseer die legumien wat die hoogste stysel bevat.**
- Keker-ertjies ✓ (1)

3.5.2 **Onderskei tussen die klassifikasie van nutriënte as makro-nutriënt en mikro-nutriënt deur na die inligting op die nutriënte-kolom te verwys**
Makro-nutriënte vereis groot hoeveelhede vir die liggaam op die tabel as gram(g). Proteïne en koolhidrate is makro-nutriënte. ✓✓
Mikronutriënte vereis kleiner hoeveelhede in die liggaam as milligram (mg) op die tabel.
Die minerale (magnesium, kaluim en yster) is mikro-nutriënte. ✓✓
(Maksimum 2 punte vir makro en 2 punte vir mikro nutrient) (4)

3.5.3 **Verduidelik die term biologiese waarde. Verwys na die legumien voorbeelde in die tabel in jou antwoord.**
Biologiese waarde verwys na die aantal noodsaaklike aminosure wat die proteïen het. ✓ Dit meet die kwaliteit van die proteïen ✓ en die funksie wat die proteïen het. Ondersteun die groei/ bou van weefsels/ bou nuwe weefsels en behou/herstel liggaamsweefsel. ✓ ʼn Proteïen met ʼn hoë biologiese waarde het al die essensiële aminosure en kan dus alle funksies verrig, dus ʼn goeie kwaliteit. ✓ ʼn Proteïen met ʼn lae biologiese waarde ontbreek een of meer essensiële aminosure en kan nie die bou-funksie verrig nie, ✓ dus ʼn swakker kwaliteit. ✓ Die soja-bone is ʼn voorbeeld van ʼn hoë biologiese waarde. ✓ Die tabel wys ook dat die sojabone die hoogste gram (16,6) proteïene bevat. ✓ Die suikerbone, keker-ertjies en lensies is voorbeelde van lae biologiese waarde. ✓ Die tabel wys dat hulle minder proteïene as soja bevat. ✓ Wanneer saam met grane geëet word, bied die kombinasie ʼn goeie kwaliteit proteïene/proteïene aanvulling/funksie as volledig. ✓

**LET WEL**: **Die antwoord moet verwys na beide hoë biologiese en lae biologiese waarde en die peulgroente om volle punte te verdien.** (Enige 6 x 1) (6)

3.6 **Identifiseer die drie tipe voedselbesmetting.**
A – Mikrobiologies ✓
B – Chemies ✓
C – Fisiese ✓ (3)

3.7 **Beskryf DRIE moontlikhede hoe kruisbesmetting plaasvind wanneer hoender en brokkoli voorberei word soos gesien word in die prent.**
- As die hande nie gewas is nie en voedsel word hanteer. ✓
- Die mes is besmet as die mes gebruik is vir beide voedsel/was die mes ✓
- As die hoender besmet was en die mes was gebruik op die hoender en die brokkoli ✓
- Die kapplank was nie gewas nie/ is nie skoon nie. ✓
- Die hoender en brokkoli moet nie op dieselfde plank gebruik word nie/gebruik aparte planke. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

3.8 **Bespreek hoe ŉ persoon wat voedselvergiftiging opgedoen het, die risiko van dehidrasie kan voorkom.**
ŉ Persoon met voedselvergiftiging het simptome van braking en diarree ✓ wat lei tot die verlies van vloeistof. ✓ Hulle moet baie water drink, wat die verlies van vloeistowwe vervang/vloeistowwe soos sop en vrugtesappe. ✓ Die liggaam verloor elektroliete (sout/glukose/minerale) ✓ en kan vervang word met orale rehidrasie/rehidrasie sout/game koeldrank. ✓ As die kos nie wil binne bly nie, suig ysblokkies. ✓ Vermy alkohol as ŉ kafeïen, want dit het ŉ dehidrasie effek.✓
(Enige 4 x 1) (4)

3.9 3.9.1 **Definieer die term voedselfortifikasie**
Beteken om die voedsel te versterk ✓ met vitamiene en minerale/ byvoeging van minerale en vitamiene ✓ (2)

3.9.2 **Analiseer hoe hierdie inisiatief van Danone die bestaande Nasionale fortifiseringsprogram van Suid-Afrika aanvul/komplimenteer.**
- Volgens Suid-Afrika se bestaande program is dit verpligtend (vanaf 2003) vir meulenaars en bakkers om alle mieliemeel, broodmeel (wit en bruin) te fortifiseer insluitend brood **OF** voedsels wat algemeen geëet word (1 punt) met vitamiene en minerale. ✓ /Daar is 6 vitamiene en 2 minerale ✓
- Vitamiene A, B1, B2, B3, B6 en foliensuur ✓
- Minerale: Yster en sink ✓
- Danone komplimenteer hierdie program, want die maatskappy fortifiseer joghurt met dieselfde 2 minerale/ sink en yster. ✓
- Danone het dieselfde visie rakende kindertekorte aan mikro-nutriente soos in die opname/Nasionale voedselverbruik opname. ✓
- Die Nasionale Voedsel Fortifiserings program het ontstaan a.g.v ŉ opname wat in 1999 geloods was. ✓
- ŉ Tekort aan nutriente in die dieët lei tot gesondheidskwessies/ vertraagde groei/ondergewig en Danone wens om vorentoe die gesondheidsprobleem op te los. ✓
- In die opname is gevind dat gesinne nie genoeg geld het vir voedsel daarom voorsien Danone bekostigbare produkte wat baie voedsaam is weens die fortisering/sink en yster wat ŉ tekort in melk het. ✓

- Danone volg dieselfde riglyne as die Nasionale voedselprogram wat se doel is om die gesondheid en kwaliteit van lewe te verbeter/minder siek kinders/kinders se vordering op skool. ✓
- Volwassenes wat joghurt eet sal ook voordeel tref. ✓ (Maks. 8) (8)

**LET WEL: Leerlinge mag nie 8 punte kry vir slegs die bespreking van die Nasionale Fortifikasie program nie. ’n Minimum van 3 punte moet verband hou met die Danone fortifiseerde joghurt.**

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 4.1.1 **Identifiseer die tipe lyn wat in die rokke gebruik is**
Diagonale lyne ✓ (1)

4.1.2 **Gee die optiese illusie wat deur die prente geskep word en gee redes vir jou antwoord.**
A = langer/slank ✓
Diagonale lyne skuins lyk meer na ’n vertikale lyn, so dit het ’n verlengende effek. (2)
B = korter/breër ✓
Diagonale lyne is skuins/meer horisontaal en gee ’n breër effek ✓
(2) (4)

4.1.3 **Noem TWEE ander effekte wat geskep is deur hierdie tipe lyne.**
Dinamies, dramaties, beweging, aksie. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.2 **Verduidelik waarom skets A verwys word na fatsoen en skets B na vorm.**
**A** = Die skets is die buitelyne en fatsoen verwys na die buite lyne. ✓
Die skoenvorm is 2D en die skoen toon geen diepte/dit is plat. ✓
**B** = Die skets verwys na die buitelyne sowel as die area binne in die lyne ✓/jy kan sien waar jou voet ingaan /dieleë spasie. Die skoen is 3D. Die diepte kan gesien word waar die voet binne-in is /nie plat/dit het diepte. ✓ (2+2) (4)

4.3 4.3.1 **Identifiseer TWEE verskillende maniere hoe ritme verkry kan word. Tabuleer jou antwoord soos volg:**

| **Maniere om ritme te verkry** | **Verduideliking** |
|---|---|
| (i) Herhaling ✓ (1) | Sirkel patrone voor ✓ en agter op die skoen. ✓<br>OF ✓<br>Kolle binne in die ovaalvorm ✓<br>OF ✓<br>Strepe op die ✓ voorkant van die skoen (2) |
| (ii) Gradiasie ✓ (1) | Ovaal patrone ✓ (blaarpatroon). Elke keer word dit geleidelik groter. ✓ (2) |
| (iii) Alternasie ✓ | Blokke/vierkant vorms ✓<br>Die vertikale gestreepte blokke wissel af met die horisontale gestreepte blokke. ✓ (2) |

**Aanvaar ook alternatief.** (6)

**LET WEL: 1 punt vir die manier en 2 punte vir verduideliking**
**Trek EEN punt af indien nie in tabelvorm**.

4.4 **Bespreek hoe die ontwerpbeginsel ʼn voorbeeld van radiale balans kan wees.**
Radiale balans - ʼn Ontwerp in die middel van die rok is in die ʼn vorm van sirkels ✓ en gerangskik rondom die sentrale punt/ʼn sirkel-patroonvorm rondom dit. ✓

**OF**

Daar is ʼn sirkel-patroon in die middel van die rok ✓ en die breër konsentriese sirkels sit die patroon voort soos die lyne uitwaarts beweeg. ✓ (2)

4.5 **Skryf ʼn paragraaf oor die ontwerp element tekstuur. Begin met die definisie van tekstuur, noem die twee tipe teksture en onderskei tussen die twee.**
Tekstuur beskryf die oppervlak kwaliteit ✓ van ʼn voorwerp. Daar is 2 tipes tekstuur naamlik taktiel/tasbaar/eg ✓ en visueel✓/ geïmpliseerd. Taktiel is hoe die oppervlak ✓ voel as jy dit aanraak, visueel is hoe ✓ dit lyk ✓ (5)
**LET WEL: Minus EEN punt as dit nie in paragraafvorm geskryf is nie**

4.6 4.6.1 **Bestudeer die sketse van 2 jasse.**
Die naam van die liggaamsvorm
- Ovaal / appelvorm ✓ (1)

4.6.2 **Evalueer die TWEE jasse en kies die beste een vir die liggaamsvorm**
**Jas A** – Die gordel trek die aandag na die middellyf area - maak die area groter/trek die aandag na die middellyf. Die horisontale lyne by die soomlyn van die mou skep ʼn breër voorkoms by die heupe. Horisontale lyne onder die kraag gee breedte en dra by tot vierkantige voorkoms. Die flappe by die skouers maak die skouers breër. Dubbel-ry knope dra by tot die wydte. ✓✓ (Enige 2)

**Jas B** – Geen horisontale lyne. Gordel sny die liggaam in die helfte, aandag word weggeneem van die middellyf en gee ʼn slanker voorkoms. Die horisontale lyne bo die middellyf stel die vertikale lyne aan die kante in staat om afwaarts te vloei in ʼn algemene voorkoms wat minder vierkantige is/meer vorm. Die oog word na die nek/gesig area getrek/minder lyne by die Kraag/ʼn V-vorm word geskep. Geen horisontale lyne op die moue en die horisontale lyne bo die middellyf gee ʼn meer langer effek. Die knope dra die oog in ʼn vertikale lyn, so die illusie geskep, is ʼn slanker effek. Minder horisontale lyne word in die jas gebruik; dus gee dit ʼn beter vloei aan die jas/die oë beweeg op en af by die kante van die jas. ✓✓ (Enige 2)

Jas B is meer geskik. ✓ (1) (5)

**[30]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 5.1.1 **Gee die name van die sone wat in die kombuis verteenwoordig is**
Die werkarea ✓ (1)

5.1.2 **Noem die onderstaande argitektoniese simbool wat verteenwoordig is op die vloerplan.**
- Hangkas/kas/stoorplek ✓ (1)

5.1.3 **Noem hoeveel taakbeligtings in die huis voorsien is**
Drie/3 ✓ (1)

5.1.4 **Identifiseer die moontlike probleme met betrekking tot die plasing van die voordeur m.b.t die sone in die regterhelfte van die huis**.
- Hoofingang gaan in en deur die bestaande in die privaat, stil area. ✓
- Voordeur is oorkant die badkamer/kom reguit vanaf die badkamer nadat ✓ jy gebad het. ✓
- Moontlike gesprekke na-aan waar ŉ persoon slaap of rus in die slaapkamer. ✓
- Daar is ŉ werktafel en -stoel in die slaapkamer wat aandui dat iemand probeer studeer/werk, en ŉ stil plek benodig. ✓
- Die voordeur maak oop na ŉ groot area, moontlik ŉ ego. ✓
- Die voordeur is so geplaas dat jy dwarsdeur die huis loop, as wat nodig is ✓ want die muurskeiding beteken dat jy rondom die huis moet loop om die res van die huis te betree. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

5.1.5 **Bespreek hoe hierdie huis voorsiening maak vir ŉ werk-van-huis omgewing.**
- Voorsiening word gemaak vir twee studie-areas met ŉ werksoppervlakte, rekenaar, ŉ stoel in beide die slaapkamer en ŉ kantoor. ✓
- Beide kamers het ŉ rekenaar vir aanlyn werk. ✓
- Beide werkoppervlak areas het tafel/taakbeligting. ✓
- Die kantoor area is afgesny van die res van die kombuis-area en sitkamer. ✓
- In die kantoor is daar goeie stoorplek-voorsiening in die vorm van ingeboude kaste. ✓
- Toegang tot die stoor-eenheid is binne gemak van links na regs van die stoel, veral as die stoel wiele ✓ het.
- Die kantoorarea is gemaak om soos ŉ studie-area te voel, want dit het ŉ slaapbank, wat maklik kan opvou om kleiner te wees en nie obstruksie te veroorsaak. ✓
- In die afskort-area is die skuifdeur wat afgesluit kan word van die sitkamer, veral as mense televisie kyk. Die hoofkantoor-area het natuurlike beligting, voorsiende dat die lessenaar naby die venster is. ✓
- Die kantoorspasie in die huis is groter as die sitkamer en beklemtoon ŉ werksplek. ✓ (Enige 5 x 1) (5)

5.1.6 **Motiveer watter lessenaarstoel die beter keuse sal wees om te gebruik by die lessenaar-area met betrekking tot die materiaal wat vir die raam gebruik is.**

**Stoel A (Plastiek)**
Baie duursaam ✓
Baie sterk ✓
Liggewig om maklik te beweeg ✓
Wiele beweeg maklik/beweeg glad op ŉ harde oppervlak ✓

**OF**

**Stoel B (Metaal)**
Baie duursaam ✓
Baie sterk ✓
Goeie skarniere wat die metaalkolomme versterk. ✓
Beter vir ŉ swaargewig persoon ✓
Metaal sal ŉ beter styfheid gee. ✓
Rugkant raamwerk is beter. ✓ (3)

**LET WEL**: **Beide A en B is geskik daarom slegs 1 punt vir rede. Die rede moet verband hou met die funksie van die materiale**.

5.1.7 **Kies TWEE kriteria wat jy sal oorweeg wanneer hierdie slaapbank gekoop word en bespreek elke kriteria.**

Ekonomie: ✓ Wat hulle kan bekostig/hulle begroting/waarde vir geld. ✓ Koop waar jy die beste prys kry. ✓
Sterkte en duursaam: Oorweeg hoe gereeld jy dit gaan gebruik as ŉ matras en hoe gereeld om op te sit. ✓ Die konstruksie en kleedstof moet vir beide geskik wees. ✓
Estetiese: Kies die kleur wat jy van hou. ✓ Oorweeg die dekor soos die kleurskema van die kamer. ✓
Omgewingsverantwoordelikheid: Is die vervaardigers omgewings-verantwoordelik. ✓ Is die materiaal wat gebruik word herwinbaar ✓ /min verpakking. ✓
Verbruikersverantwoordelik: Die verbruiker het ŉ verantwoordelikheid voordat hulle aankope doen en na aankope. ✓ Byvoorbeeld: Voor aankope - vergelyk pryse, insluitende verborge koste, kyk na die waarborg, koop van ŉ winkel met ŉ goeie reputasie (enige voorbeelde) ✓
Byvoorbeeld: Na aankope - kontroleer die produk na aankope by aflewering en indien nodig, lê ŉ klagte, so gou moontlik. Lees die versorgingsinstruksies, hou bewyse van aankope (enige voorbeelde) ✓

**Die volgende twee kriteria was uitgehaal by hierdie afdeling, maar moet steeds nagesien word as die leerder dit genoem het.**

Geskiktheid vir behoeftes**:** ✓ Die behoefte vir ŉ ekstra bed is nodig as ŉ persoon oorslaap. ✓ Dink hoeveel keer dit sal gebeur en hoeveel geld sal jy op dit spandeer. ✓ Die doel kan meerdoelig wees sodat dit ook gemaklik is om op te sit.
Oorweeg die beskikbare ruimte/spasie in die kantoorkamer. ✓
Menslike faktore/ergonomiese en universele ontwerp**:** ✓ Die slaap bank moet gemaklik wees vir sit en slaap en ook genoeg ondersteuning bied. ✓ Watter persone sal dit waarskynlik gebruik? Kinders of volwassenes, of beide? ✓

**LET WEL**: Enige twee kriteria ✓✓ en ŉ bespreking vir elkeen. ✓✓✓

(2 x 3) (6)
**[20]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Gee die naam/term vir die stelling wat die kern vereistes is om ʼn item te maak**
Produksiespesifikasie ✓ (1)

6.2 **Definieer die term *marksegmentasie***
ʼn Groep kliënte met gemeenskaplike behoeftes en belangstellings ✓ wat verskil van ander groepe ✓ en soortgelyk sal optree in ʼn mark aksie. ✓

**OF**

ʼn Breë groep mense/teiken mark wat verdeel word in meer onderskeidelike groepe/kleiner groepe/met soortgelyke eienskappe/byvoorbeeld geografies/ demografies/psigografies/gedrag ✓ (3)

6.3 **Verduidelik hoe die besigheid ʼn mededingende voordeel ontwikkel.**
Vind uit oor ander besighede /mededingers in jou area. ✓ Hulle moet dink aan maniere hoe om hul produkte te verbeter ✓ as hulle mededingers. Jou produk moet verskillend en uniek wees ✓ om anders in die mark te wees. ✓
Dit moet meer aanklank vind by jou kliënte/hoe kan dit jou kliënte bevoordeel/ soos beter pryse/waarde vir geld ✓ /kwaliteit/beter diens. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

6.4 6.4.1 **Gee die faktor wat Tshepo oorweeg het wanneer hy ʼn produk kies om jeans te ontwerp vir sy liefde vir denim en modes.**
Passie ✓ (1)

6.4.2 **Meld hoe Tshepo die volgende bereik het voordat hy 100 paar jeans geskep het.**

**A) Begin met ʼn lae kapitaal uitleg.**
Hy het ʼn lening van R8000.00 gekry. ✓

**B) Verkry vaardighede voordat jy begin**
Hy het basiese naaldwerk en patroon-ontwerp geleer. ✓
Hy verbreed sy kennis van denim deur navorsing op die internet te doen ✓ (Enige 1)

**C) Het ʼn vorm van vervoer.**
Hy het sy jeans vanaf ʼn fiets verkoop. (3)

6.4.3 **Identifiseer watter P in die bemarkingmengsel verteenwoordig.**

**A) Die "Presidential Slim fit"**
Produk ✓

**B) Verkoop sy jeans van ʼn rugsak.**
Plek ✓ (2)

6.4.4 **Kies TWEE aanhalings in die gevallestudie wat verskyn voordat Tshepo sy winkel in Johannesburg oopgemaak het om te bewys dat die kernbeginsel gebruik is.**

- Tshepo het pasgemaakte jeans vir sy kliënte gemaak ✓ en sodoende ʼn kliëntebasis opgebou. ✓ Hy het mansjeans geskep. Hy het dit in vier verskillende kleure gemaak. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

6.4.5 **Analiseer hoe Tshepo voortgegaan het om sy teikenmark se spesifieke behoeftes te bevredig nadat hy die handelsnaam van sy besigheid van stapel gestuur het wat die groei van die besigheid verseker het.**

- Hy het sy produk verbeter, om ʼn beter kwaliteit jeans te maak. ✓
- Hy het dit in vier verskillende kleure gemaak om mense se voorkeure te bevredig. ✓
- Om pasgemaakte jeans the maak, waar die kliënte se afmetings geneem word, impliseer dat jeans enig in sy soort is wat by spesifieke figuurtipes pas en wat kliënte spesiaal laat voel. ✓
- ʼn Verskeidenheid van jeansstyle word gemaak en dus ʼn groter keuse vir kliënte. ✓
- Hy het sy reeks na hemde uitgebrei sodat sy besigheid kan groei, namate hy meer aan sy kliënte bied. ✓
- Om meer bekostigbare gholfhemde te hê, bereik die teikenmark wat nie voorheen sy jeans kon koop nie. ✓
- Hy het sy teikenmark verbreed deur klere vir dames te maak. ✓
- Hy spesialiseer in denim klere. ✓
- Aangesien sy handelsmerk eg en gewilds is, sa kliënte ʼn sekere status voel as hulle sy klere dra. ✓
- Kliënte sal gelukkig wees om klere met sy logo te dra wat ʼn herkenbare handelsmerk het. ✓

(Enige 6 x 1) (6)

6.4.6 **Bereken die verkoopprys van 1 paar jeans as die produksie koste R475.00 en 80% wins bygevoeg is. Toon alle berekeninge.**

R475 X $\frac{85}{100}$ ✓ = R350

R475 + R350 ✓ = R875 ✓ (3)

6.4.7 **Bereken die wins as hy 10 paar jeans verkoop.**

R380 x 10 ✓ = R3800 ✓ (2)

6.4.8 **Bereken die produksiekoste van 10 paar jeans as die produksie koste 20% hoër is as die van mans**.

R475 x $\frac{20}{100}$ ✓ = R95

R475 + R95 ✓ = R570

R570 x 10 ✓ = R5700 ✓ (4)

**LET WEL:** Die R moet aangedui word in die finale antwoord om die punt toe te ken.

**[30]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou